

## HOOFSTUK 7 EN NOU, AFRIKAANS? (Erkenning aan Hans du Plessis)

### Nuwe volksrympies

Hompie Kedompie sit op die wal.  
Hompie Kedomp het aan skerwe geval.  
En al die jong boeties  
het al die ou broeders  
verwoed begin bliksem oor Hompie se val...<sup>1</sup>

Die stryd om ons geliefde taaltjie  
Ja, die stryd om ons geliefde taaltjie.  
Wat sal ons tog sê?  
Dis 'n aparte ou verhaaltjie...  
(Pieter Hugo, 2000:44 – Uit: *Nuwe verset*)

### *Waarheen?*

Deur op deur wat in jou gesig toeslaan.  
'n Land vol nêrens om heen te gaan.  
Hier voel dit of selfs God nie meer  
Afrikaans wil verstaan.  
(Herman Engelbrecht, 2000:15 - Uit: *Nuwe verset*)

Disillusion is that emotion we feel when any of our safe patterns are disturbed.  
(John Steinbeck, aangehaal deur David Wyatt in sy inleiding tot die Penguin-  
uitgawe van *East of Eden*, 1992:xxi.)

## 7.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk

### 7.1.1 Inleiding

Doch ziet, zo gaat 't nu met vele dingen die met die taalkwestie in verband staan. *Ieder daarvan schijnt op zichzelf een geringe zaak te zijn; en de Afrikaander geeft maar toe, is maar de minste; en van andere zijde wordt er gretig naar gegrepen en word het geëist als een recht. Al die kleine dingen te zamen genomen hebben een grote kracht, en de samenleving wordt van lieverlede als van een Engelse zuurdesem doortrokken. Maar*

---

<sup>1</sup> 'n Onmiskembare verwysing na Chris Louw se "Boetman"-brief aan dr. Willem de Klerk (na aanleiding van laasgenoemde se 2000-boek *Afrikaners: kroes, kras, kordaat*). Later in die hoofstuk meer hieroor.

wijst nu de een of ander op zodanig misbruik, zoals hierboven genoemd, dan heet het: *hoe bekrompen, hoe anti-Engels om op zulk een kleinigheid te vitten!* (my kursivering).

Afgesien van die taalmedium kon die bostaande baie maklik in 2003 geskryf gewees het. Die feite is egter: hierdie uiteensetting is die slotsom (p. 41) van prof. P.J.G. de Vos se publikasie getiteld *De Afrikaander en zijn taal* en het in 1906 – dus bykans honderd jaar gelede – die lig gesien. 'n Praktiese voorbeeld van taalongelykheid wat deur prof. De Vos geskets word, is dié waar daar by 'n vergadering soms maar “een enkel persoon is die alleen Engels spreek.” Ter wille van hierdie enkele Engelstalige “spreek nu de laatste Afrikaander daar Engels”, ook alhoewel baie van laasgenoemde groep hulleself swak uitdruk in Engels: “... meer dan een de zich in die taal niet goed uitdrukken kan, zwijgt geheel en al, waar hij iets goeds had kunnen zeggen” (p. 40).

Die bostaande uiteensetting in 1906 deur 'n lojale “Afrikaander” bevat inligting wat relevant is vir 'n groot deel van die miteskepping rondom Engels: Engels is die voorkeurtaal in enige meertalige situasie in die land, Engelssprekendes verwag eintlik vanselfsprekend dat alle aanpassings deur die ander taalsprekers gemaak moet word, Afrikaners is dikwels “die minste” en, sou hulle aandring op hulle basiese taalregte, word hulle as “bekrompe” en “kleinlik” bestempel.

Interessant in De Vos se uiteensetting is ook die volgende opmerking aan sy lesers:

Denk er aan, dat 't bijna een eeuw is, dat onze taal van de zijde der regering systematies verongelijkt en verwaarloosd is...

Die verwysing hier is natuurlik na die honderd jaar wat voor 1906 verloop het, nl. dié vanaf die tweede Britse besetting van die Kaapkolonie in 1806 en die gepaardgaande toenemende verengelsingspogings, veral na die koms van 'n groot groep Britse setlaars in 1820 en “die outokratiese lord Charles Somerset” (Steyn 1980:127) se “berugte taalproklamasie” op 5 Julie 1822.

In die lig van bogenoemde is dit dus verbasend – en myns insiens die belangrikste aspek van die metaforiese “wonder van Afrikaans” (dit wil sê nog belangriker as die suksesse met die korpusontwikkeling van die taal) – dat Afrikaans tog in die loop van die twintigste eeu in alle opsigte gelyke funksionele status met Engels kon verwerf het. Die hoofrede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die mite van Afrikaans as die taal van Afrikanernasionalisme, soos bespreek in hoofstuk 4 van hierdie studie.

Die huidige posisie van Afrikaans in die land herinner egter tot ’n groot mate aan die uitspraak van De Vos hierbo, nl. dat “onze taal van de zijde der regering systematies verongelyk en verwaarloosd (wordt)”. Voorbeelde hiervan is legio en enkele spesifieke gevalle is reeds in hoofstuk 1 uitgewys.

’n Voorbeeld is ’n resente voorbladberig in *Beeld* van 10 Januarie 2004 wat soos volg lui:

### **METRORAAD WEIER TJEK IN AFRIKAANS**

**Lucia Swart**

*Wil jy jou munisipale diensterekening betaal?*

*Moet tog net nie die tjek uitmaak aan “Stad Johannesburg” nie. Dit is Afrikaans en word daarom nie aanvaar nie.*

*’n Moedelose mev. Susan Nel van Horison, Roodepoort, moes eergister ongedane sake omdraai toe sy haar dienstegeld met ’n tjek wou betaal. Sy moes hoor ’n Afrikaanse tjek word nie aanvaar nie.*

*“Ons maak al jare ons tjeks uit aan ‘Stad Johannesburg’. Die kassiere het eergister vir my gesê net Engelse tjeks word aanvaar,” het mev. Nel gesê.*

*Die kassiere het aan Nel vertel metropersoneel is onlangs ingelig dat net tjeks wat aan “City of Johannesburg” of “City of Johannesburg Municipal Council” uitgemaak is, aanvaar word.*

[...] *Mnr. Nel het gister wéér probeer betaal – dié keer met 'n tjek wat uitgemaak is aan Stad van Johannesburg. Hy is weer weggewys omdat die tjek in Afrikaans is.*

*“Ons sal nou maar 'n klag moet indien.”*

Daar word in dieselfde berig melding gemaak van die feit dat die saak onder die aandag van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) gebring is en dat die senior regsadviseur van dié raad, mnr. Edward Sambo, gesê het dit is 'n skending van taalregte.

Die saak van die geweierde tjek sou verder ondersoek moet word om die werklike feite vas te stel. Dit mag wees dat die bank by die metroraad aandrang op eenvormigheid in die lig van baie gevalle van tjekbedrog. Dit sou ook uiteraard moeilik wees om te kontroleer of die gegewens op 'n tjek reg is indien sprekers van al die tale in die land sou aandrang om hulle eie taal op 'n tjek te gebruik. Sonder om egter verder op die saak in te gaan, kan daar reeds sekere afleidings gemaak word uit die amptenaar se aandrang op 'n Engelse tjek. Hierdie afleidings is onder meer die volgende:

- Engels word onteenseglik deur die openbare sektor beskou as die voorkeurtaal in die land;
- Afrikaans se vorige posisie as ampstaal met dieselfde status as Engels is dus in die gedrang;
- Die grondwetlike ampstaalstatus van elf tale maak dit steeds makliker om van slegs een “hooftaal”, naamlik Engels, gebruik te maak met die verskoning dat dit onprakties en duur is om elf tale in alle situasies te gebruik;
- Baie Afrikaanssprekendes ervaar die aandrang op Engels as bedreigend vir die voortbestaan van Afrikaans (of ten minste vir die voortgesette hoëfunksiestatus van Afrikaans) en dring daarom in baie gevalle vasberade aan om Afrikaans te gebruik; en

- Die Afrikaanse pers gebruik sulke gevalle om op gereelde basis die publiek se aandag te vestig op die verskraling van Afrikaans se status. (Die betrokke dagblaai se gereelde aandag aan die posisie van Afrikaans mag natuurlik ook tot 'n mate gemotiveer word deur die feit dat hulle eie voortbestaan nou saamhang met dié van Afrikaans.)

Dit sou moontlik wees om nog baie bladsye vol te skryf oor beriggewing rondom die verskraling van Afrikaans se funksionele status in die land. Hierdie saak geniet feitlik daaglik op die een of ander wyse aandag in koerantberigte in veral Afrikaanse dagblaai, hoofartikels van kundige taalsosioloë/taalpolitici of historici soos onder meer J.C. Steyn en Hermann Giliomee in dieselfde dagblaai, gespreksforums deur besorgde Afrikaanssprekendes en selfs “betogings” met slagspreuke op die plakkate van taalaktiviste soos byvoorbeeld Dan Roodt. **Vir die doel van die bespreking wat volg, word die feit van die toenemende verskraling van Afrikaans se funksionele status in die openbare domein as gegewe aanvaar.**

Die nuwe demokratiese grondwet wat geskoei is op die beginsels van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag oor Groeps- en Menseregte (Augustus 1991) maak wel eksplisiet voorsiening vir die basiese mensereg van enige burger in die land om die taal van sy of haar keuse vrylik te gebruik, en om – sover haalbaar – daarin onderrig te ontvang op skool. Die feit dat hierdie reg asook ampstaalstatus in die nuwe grondwet van 1996 aan al elf hooftale in die land toegeken is, onderskryf enersyds die demokratiese beginsels wat in die interimverslag uitgespel is, maar bring die praktiese uitvoerbaarheid van dieselfde beginsels in die gedrang. In 'n sekere sin is die situasie bykans dieselfde as wat dit sou wees as die besluit was om geen ampstaalstatus aan enige taal toe te ken nie.

### 7.1.2 Doelstellings met die hoofstuk

In hierdie laaste hoofstuk van die proefskrif sal die belangrikste insigte in die voorafgaande hoofstukke **eerstens** kortliks saamgevat word en gevolgtrekkings daaromtrent gemaak word. Kommentaar sal ook in sommige gevalle gelewer word.

'n **Tweede oogmerk** is om eksemplaries te kyk na enkele gebeure/polemieke ná 1994 wat verband hou met die mites wat in hoofstukke 4 tot 6 bespreek is om sodoende die voortgesette impak van die betrokke miteskepping aan te dui.

'n **Derde oogmerk** is om die vraag te probeer beantwoord in die opskrif van hierdie hoofstuk (soos ontleen aan die titel van Hans du Plessis se 1992-publikasie): *En nou, Afrikaans?* In hierdie verband sal sekere slotopmerking en aanbevelings geld.

## 7.2 Samevatting van hoofstukke 2 - 6

### 7.2.1 “Mites waarmee ons leef”

Die belangrikste gevolgtrekking uit die hoofstuk wat handel oor mites en die mitiese as generiese verskynsels (hoofstuk 2), is dat mites “lewende waarhede” is wat op 'n besondere wyse sin en rigting gee aan die menslike bestaan. Mites is hiervolgens “stories” (geskrewe of mondeling oorgedra) wat vir die mens die oorsprong en uiteinde van sy bestaan op aarde en hierna verklaar, wat die “waarheid” in sy vele gedaantes oordra en wat ook helend en vertroostend werk.

Die afleiding is dat, in Leroux se woorde, die mens eerder sal sterf van honger as om sonder sy mites te probeer leef. Dié siening van mites bepaal grootliks die diskoers van hierdie studie en verskil:

- 1) van die populêre siening van mites as “onwaarhede” (vgl. die *HAT*-definisie in hoofstuk 2.2) ; en

- 2) van die uitgangspunte van wetenskaplikes na wie daar in die loop van die proefskrif verwys word (soos onder meer Brouwer (hoofstuk 3.3) en Steyn en Verhoef (hoofstuk 5.3) wat na mites as oorvereenvoudigde veralgemenings, valse persepsies of selfs leuens verwys. (Daar moet op gewys word dat daar in die meeste gevalle nie van genoemde wetenskaplikes verskil word wat betref die *inhoudelike* faset van die mites waarna hulle verwys nie, maar wel wat betref die *definiëring van die term*.)

**Die feit dat mites in hierdie proefskrif as lewende en singewende kragte gedefinieer word, dra daartoe by om die fokus van die diskoers te bepaal, naamlik dié van die besondere sterk impak van mites in die lewe van individue en groepe. Die argument is dat, indien mites net valse persepsies of oorvereenvoudigde veralgemenings sou wees, die krag van die “mites waarmee ons leef” moeilik verklaar sou kon word. Die waarde van die bydrae lê dus veral in dié besondere uitgangspunt rondom die rol en funksie van miteskepping.**

Dit beteken egter nie dat alle miteskepping positiewe resultate lewer nie, maar wel dat die miteskeppers daarin slaag om die mites sodanig oor te dra dat die ontvangers daarvan die waarheid van die mite onvoorwaardelik toe-eien en as 't ware hulle lewe sal aflê in die verdediging van die mite. (In die woorde van 'n wyse persoon – hoewel die oorsprong van die aanhaling nie aan my bekend is nie – “... in the firm conviction that if something is not worth dying for, it is also not worth living for.”)

### **7.2.2 “Verbeelde gemeenskappe” en politieke miteskepping**

Hoofstuk 3 van die studie bekyk die impak van identiteitskepping, veral binne groepsverband, en die totstandkoming van sogenaamde “verbeelde gemeenskappe” (Anderson: “imagined communities”).

Een van die belangrike opmerkings t.o.v. identiteit is dié van Castells (1997:6) wat beweer dat identiteit die bron (“source”) van betekenis en ervaring vir die mens is. Die slotsom is egter dat identiteit (“selfkennis” volgens Calhoun) ’n konstruksie is en nie ’n ontdekking nie (Calhoun, 1994:9-10). Hierdie feit is belangrik vir die diskoers, want dit beteken dat die skep van identiteit tot ’n groot mate ’n “herskepping” en seleksie is, en daarom verband hou met die proses van miteskepping.

Die begrip en verskynsel “nasionanisme” is ook in hoofstuk 3 belig. Die gevolgtrekking is dat, wat Suid-Afrika betref (’n land waarbinne daar sprake is van ’n sogenaamde “heterogeen-aktiewe kultuur” – Woshinsky, 1995:55), nasionalisme nie verband hou met die Suid-Afrikaanse *nasie* wat binne die geografiese grense van die land woon nie, maar wel met die groepsgebondenheid van kleiner groeperings binne die land, soos bv. die *Afrikanervolk* (later grootliks verenig binne die politieke struktuur van die *Nasionale party*) en die kampvegters vir “swart” regte binne die *African National Congress*. Hierdie saak is van belang vir die diskoers, aangesien hierdie groeperings tot ’n groot mate bygedra het tot die twee belangrikste mites wat in die proefskrif teenoor mekaar gestel word, naamlik dié van Afrikaans as taal van die Afrikaners en bindmiddel in Afrikanernasionalisme eensyds en Afrikaans as taal van die verdrukker andersyds.

Wat betref die geskiedenis van die ontstaan van nasionalisme, word daarop gewys dat die ontstaan van nasionalisme en nasionale state teen die einde van die agtiende gesien moet word as resultaat van die aftakeling van twee sterk kulturele sisteme, naamlik die godsdienstige gemeenskap en die stelsel van koninkryke. Die nasie was dus volgens Anderson (1991:24) ’n nuwe raamwerk of “verbeelde gemeenskap” (“imagined community”) waarbinne mense hulle behoefte aan groepsidentiteit uitgeleef het. Die afleiding is dat die konsep van nasionalisme in die negentiende en twintigste eeue dus ’n “lewende mite” geword het.



Volgens Anderson is die begrip van die nasie ook ondersteun deur die “print-capitalism” wat ontstaan het in die loop van die agtiende eeu, toe die roman en veral die koerant die lig gesien het en groot groepe mense op ’n nuwe manier aan hulleself en hulle verbondenheid met ander kon begin dink (Anderson, 1991:36). Veral die koerant het as ’t ware gedien as “mitiese bindingsmiddel” omdat mense wat replikas van hulle eie koerant in hulle omgewing gesien het, daardeur verseker is dat die verbeelde wêreld gewortel is in die alledaagse een.

’n Belangrike aspek rondom nasionalisme wat vir die doel van die diskoers veral relevant is, is dat die nasionale drukkerstale in die negentiende eeu van groot ideologiese en politieke belang begin raak het (Anderson, 1991:67) wat beteken dat die verskillende nasionale tale ook merkers begin word het van onderskeibare nasionale kultuurgroepe of *volke* (in die terminologie van Van Herder, soos aangehaal deur Kemiläinen, 1964:42). Hierdie gevolgtrekking werp lig op die sterk verband tussen volksidentiteit en taalloyaliteit by die Afrikaner, soos wat in hoofstuk 4 bespreek word.

’n Laaste belangrike saak wat in hoofstuk 3 aangeraak word, is die kwessie van politieke miteskepping. Hier word veral verwys na die standpunt van Leonard Thompson, wat meen dat ’n politieke mite die doel het om ’n bepaalde regime op te hemel of in diskrediet te bring. (Thompson, 1985:1). Thompson onderskei voorts tussen “konserwatiewe mites” (wat hoofsaaklik handel oor die ontstaan en geskiedenis van die betrokke groep) en “radikale mites” wat die geskiedenis as ’t ware herskryf en dikwels ten doel het om “die ander” te diskrediteer. Laasgenoemde groep mites kan dus ingespan word vir negatiewe doeleindes en word ook beskryf deur Cassirer (1946:3) as kragte wat in die “donker skuil en hulle uur afwag” en as “demoniese mitiese kragte.”

Historici (wat self gewone mense is en dus nie sonder hulle eie mites “leef” nie) kan ook nie altyd “mitevry” te werk gaan nie (volgens die eis van die historikus

Barraclough (1979:211)). Thompson meen in dié verband dat mites nie uit die mens se kultuur weggeneem kan word nie, aangesien die mite 'n belangrike funksie verrig. Hy sou egter wou sien dat die mite onderwerp word aan sekere kriteria, nl. historiese versoenbaarheid, verifieerbaarheid op wetenskaplike gronde en nuttigheid of bruikbaarheid op morele gronde. (Vgl. hoofstuk 3:3 in hierdie verband.)

Politici kan wel miteskepping gebruik om sekere (persoonlike) oogmerke te bereik en sodoende kan ook goeie, lewende mites gemanipuleer word en as 't ware besoedel word. Die afleiding is dus dat dit binne die diskoers nodig is om te probeer onderskei tussen mites wat sinvol en opbouend is, en mites wat afbrekend en “demonies” is (sien Cassirer hierbo).

Die uitgangspunt van die proefskrif is veral om te probeer onderskei tussen mites wat bygedra/dit geregverdig (?) het om die taal Afrikaans te bevoordeel op verskillende terreine, en dié mites wat gelei het tot die inkorting van Afrikaans se status en funksies.

### **7.2.3 Die mite van Afrikaans en die Afrikaners**

In hoofstuk 4 word die mitiese “liefdesband” tussen die Afrikaners en Afrikaans as mitiese bindingsmiddel by Afrikaneridentiteit en -nasionalisme redelik omvattend bespreek. Een van die eerste afleidings is dat Afrikaans reeds vanaf 1875 en die Paarl (met die mitiese begin van die “storie van Afrikaans”) gesien word as die taal van die “regte Afrikaanders” en dat hierdie aanspraak steeds sterker geword het ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Doelbewuste verzet teen verengelsing en die behoefte om die eie identiteit te bewaar het onder meer aanleiding gegee tot die totstandkoming van die C.N.O.-skole en die aandrang op ampstaalstatus vir Afrikaans, asook die Afrikaanse Bybelvertaling.

Miteskepping met die oog op statusverwerwing vir Afrikaans en politieke vooruitgang vir die Afrikaners in die Nasionale party kon sekerlik ook soms verband gehou het met ekonomiese en politieke gebeure en die ambisies van individue en groepe. Soos in die loop van hierdie studie uiteengesit, is nie alle miteskepping van so 'n aard dat daar nie ook lydende partye is nie, en nie alle miteskeppers is noodwendig idealiste met totale integriteit nie. Die volgende uitspraak van die bekende Afrikaanse skryfster M.E.R. (1972:167) dui egter onteenseglik daarop dat miteskepping rondom Afrikaans en die Afrikaners wel ook gedryf is deur die “droom” (en dus mite) van Afrikanervryheid en –selfrespek:

Oral in die land, op onse dorp kon jy dit (die voortsetting van die vryheidsdroom – AMJ) sien in die *stigting van 'n tak van die Afrikaanse Taalvereniging* [...]. En ons kon dit sien aan die hele geskiedenis van die Privaatskool en *die verowering van leierskap in die onderwys deur die Afrikaner*. Maar dit het baie swaar gegaan: ons was oral, op die kleinste dorp, omring van teenstand. As ek nou die lewensbeskrywing van Steyn en Hertzog lees, vind ek in hulle briewe van daardie tyd, *soos in 'n spieël, ons hele nimmerverslappende opdraand gesukkel om onself te bly* (my kursivering).

Dié uiteensetting werp myns insiens 'n baie belangrike lig op die mite van die “liefdesband” tussen die Afrikaner en Afrikaans: die afleiding is dat die stigting van takke van die Afrikaanse Taalvereniging en die verowering van leierskap in die onderwys verband gehou het met die “hele nimmerverslappende opdraand gesukkel” van die Afrikaner in die eerste dekades van die twintigste eeu om homself teen die Engelssprekende regering te handhaaf en om in dié proses “homself te bly.” Anders gestel: die uitbreiding van die funksies en status van Afrikaans was een van die vernaamste fasette in die identiteit wat die Afrikaner vir homself geskep en verdedig het.

Daar word in hoofstuk 4 verwys na verskillende maniere waarop miteskepping rondom Afrikaans plaasgevind het, nl. metaforiek, woordkeuse, retoriese middele en sintaktiese middele. Die kernbetoog handel egter nie oor die wyse nie, maar wel oor die onteenseglike *verskynsel* van miteskepping rondom Afrikaans. Die

slotsom is dat politieke miteskepping deur leiersfigure 'n instrument was in die politieke “oorwinning” van die “Afrikanerparty” – die Nasionale Party – in 1948, en dat Afrikaans die onbetwiste mitiese bindingsmiddel in hierdie proses was. Die gesindhede en uitsprake van “gewone mense” soos onder meer verwoord in die koerante van die tyd, dui egter baie duidelik daarop dat die miteskeppende proses nie net onder die leiersfigure werksaam was nie, maar 'n veel groter trefkrag gehad het en grootliks deur “gewone” lede van die Afrikanervolk geïnternaliseer is. (Verwys in hierdie verband na Samuel & Thompson se uiteensetting in hoofstuk 2.4 oor die aard en oorsprong van mites, waarvolgens hulle argumenteer dat die mites met die grootste impak nie dié is wat van die openbare verhoë af (“publicly”) aangebied word nie, maar juis dié wat in sosiale interaksie tussen individue en die vertel van hulle persoonlike lewensverhale uitgeruil word.)

In hoofstuk 4 is ook melding gemaak van die berig in *Het Westen* (later: *Het Volksblad*) van 26 Maart 1915 waarin die ontwakende volksgevoel (en taalgevoel teenoor Afrikaans) in die “volkshart” op liriese wyse beskryf word:

Het is werkelijk onverklaarbaar. Het is 'n roering welke uit het hart opwelt naar de lippen en die zeggen met tevredenheid en met trots: “Ik is Afrikaner”. Het is een stille zachte, vredelievende stroom die door Zuid-Afrika gaat en elkeen die daarmee in aanraking komt doet zuchten: “Ek is daarom blij dat ik Afrikaner is”. En met dit zucht verdwijnt de Vaal Rivier, verdwijnt de Oranje Rivier, verdwijnt het woord Kapenaar, Vrijstater of Transvaler. Er is net één uitroep in het hart: “Ik is Afrikaner” en het hart wordt week tegenover dat wat Afrikaans is...

(Taalkundig gesproke is dit ook interessant om te let in watter mate die formele koeranttaal reeds hier afwyk van die standaard Nederlandse vorm in frases soos onder meer “'n roering” en “Ik is”.)

Die belangrikste gevolgtrekkings uit hoofstuk 4 rondom Afrikaans en die Afrikaners is dus die volgende:

- Die mitiese band tussen die Afrikaanse taal en die Afrikanervolk is onteenseglik teenwoordig en 'n legio uitsprake in die loop van die tydperk 1875-1948 (en later) kan hiervan bewys lewer;
- Leiersfigure het dikwels op die genoemde band gesinspeel of dit eksplisiet genoem, en dit is moontlik om af te lei dat miteskepping rondom hierdie saak ook soms ter wille van politieke oogmerke of persoonlike ambisies uitgebuit is;
- **Die verbondenheid tussen die taal en die volk is egter ook deur die oorgrote meerderheid van die “gewone” mense onder die Afrikanervolk geïnternaliseer en as lewende, rigtinggewende mite aanvaar wat sin gegee het aan hulle bestaan as groep en daarom hulle identiteit gedefinieer het;**
- Hierdie internalisering van die mite by individuele Afrikaners verklaar grootliks die feit dat die betrokke mite nou nog so 'n belangrike deel van die Afrikaanssprekende (veral: Afrikaner) se siening rondom Afrikaans verteenwoordig; en
- Die genoemde mite kan, vanuit die oogpunt van die groei en vordering van Afrikaans gesien, as 'n “goeie mite” beskou word omdat dit bygedra het tot die toenemende verbetering van die funksies en status van die taal in veral die eerste vier dekades van die twintigste eeu.

#### 7.2.4 Die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal

In hoofstuk 5 word die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal eweneens redelik omvattend bespreek. Die kernaspek van die diskoers is dat Afrikaans geassosieer is met die apartheidsbeleid van die Nasionale Party-regering ná 1948 en later ook met die gewelddadige toepassing van dié beleid (veral vanaf die laat-sestiger tot die einde van die tagtigerjare). Die feit dat die Nasionale Party steeds gesien is as die party van die Afrikaners het beteken dat die taal van die Afrikaners metafories as “verdrukkerstaal” gebrandmerk is. Dit was die geval ten spyte daarvan dat daar ook Engelssprekendes in die Nasionale Party

was en dat verskeie Afrikaner-intellektueles en –leiersfigure openlik hulle kommer begin uitspreek het oor die morele regverdigbaarheid van apartheid.

Daar word in hoofstuk 5 onderskei tussen sogenaamde “bruin” mites en “swart” mites, hoewel albei hierdie groepe (dus die bruin mense en swart mense) polities gemarginaliseer is.

As agtergrond tot die ontstaan van dié mites word verwys na die proses van kolonialisering, die slawekwessie, die mite van wit dominansie en die sogenaamde “soeke na ’n witmansland” in die twintigste eeu. Die vrees vir die getalle-oorwig van die “donkerder mense” in die land, maar ook in die res van Afrika, maak deel uit van die oorlewingsmite van die wit groep. Veral by die Afrikaners wat reeds sedert hulle ontstaan as afsonderlike kultuurgroep die stryd teen Nederlands en Engels (en die Britse ryk) asook teen die donkerder rasse moes voer, het die mite van eksklusiewe Afrikaner-etnisiteit en die gepaardgaande mite van uitverkorenheid as volk (Moodie: die Afrikaner-burgerlike godsdiens) diep posgevat. Hierdie mite kulmineer dan in die institusionalisering van apartheid en die apartheidswetgewing tydens die bewind van die Nasionale Party.

Die “bruin” mites hou verband met die (singewende – AMJ) ontstaansmites van die bruin mense en hulle status aan die vroeë Kaap, asook hulle beduidende rol in die wording van Afrikaans. Voorts word die problematiese verhouding tussen die bruin mense en baie van hulle se moedertaal, Afrikaans, belig. Die kern van die diskoers in hierdie geval is die feit dat bruin mense hoofsaaklik moedertaalsprekers van Afrikaans was, maar deur die dominante Afrikaanssprekende groep gemarginaliseer en van politieke regte ontnem is en daarom ’n negatiewe houding teenoor die Afrikaners (en dikwels dan ook teen Afrikaans) ingeneem het. Andersyds weer het sommige lede van hierdie groep Afrikaans as “bevrydingstaal” aangewend om teen die onregte van apartheid te betoog.

'n Belangrike afleiding is dat die impak van die mite van Afrikaans en apartheid op die bruin mense egter nog steeds (dus ook ná 1994) voelbaar is, soos verwoord deur Adam Small in 1995:

Apartheid, sê hulle vi' my  
Apartheid is  
verby  
en (despite die remnants  
en leftovers)  
is vi' real  
verby!

Ma die essentials bly  
en bly  
en bly

Oe die dinge hang innie lug  
soes 'ie gieste van Paulus  
kos *hulle's memories* ...

**Die feit dat die “memories” nog steeds “in die lug hang”, is van belang vir die vraag wat in hierdie slothoofstuk gestel word, nl. watter impak daar steeds op Afrikaans is as gevolg van die mites wat aan die orde gestel is (vgl. hoofstuk 1.4: uitgangpunt 12 en navorsingsvrae 6 en 7). Dit sou bv. kon beteken dat bruin sprekers van Afrikaans steeds 'n “moeilike” verhouding met die taal beleef, en daarom makliker geneig sou wees om die funksionele verskraling van Afrikaans te aanvaar of selfs daaraan mee te werk.**

Die “swart” mites hou ook verband met sake soos wit dominansie en die soeke na 'n witmansland, maar hiermee saam is daar die opkoms van “swart bewussyn”, die totstandkoming van die African National Congress, die rol van mitiese figure soos Steve Biko en Nelson Mandela, en die uiters negatiewe impak van Sharpeville, Soweto 1976 en die gebeure in veral die tagtigerjare

waaroor verslag gedoen is voor die Waarheids- en Versoeningskommissie. Al die genoemde gebeure is veral aan die Nasionale Party-regering en daarom ook aan die Afrikaners en Afrikaans gekoppel.

'n Verdere verskil tussen die “swart” en “bruin” mites is dat die swart mense oor die algemeen nooit moedertaalsprekers van Afrikaans was nie, en dus in elk geval hoogstens 'n tweedetaal-assosiasie met Afrikaans het. Daar is dus nie in die geval van swart mense 'n mate van lojaliteit teenoor die taal as moedertaal nie. Intendeel, die siening van ouer swart mense (wat in die vyftiger-, sestiger- of vroeg-sewentigerjare op skool was), is waarskynlik min of meer dieselfde as dié wat deur Mathews Phosa verwoord word in sy inleiding tot *Deur die oog van 'n naald*, naamlik dat Afrikaans, hoewel nie self die sondaar nie, nogtans “die kanaal (was) waardeur die sonde hom aan ons opgedring het.”

Wat betref die geslag ná 1976 is die saak eenvoudig: Engels is hulle medium van onderrig op skool en Afrikaans het in baie gevalle vir hulle 'n “vreemde taal” geword. Sedert 1994 is Afrikaans ook nie langer 'n verpligte matriekvak nie.

In die lig van die diskoers in hierdie studie, kan daar verder aangeneem word dat die ouer geslag wel die mites rondom Afrikaans en die Afrikaners waarmee hulle vir 'n lang tyd geleef het, aan die jonger geslag sou oorgedra het en dat dit dus ook laasgenoemde groep se houding teenoor Afrikaans beïnvloed het. Die impak van apartheid en die assosiasie van die Nasionale Party se beleid met Afrikaans, lei tot die opmerking van Krog dat die Afrikaners moontlik die hoogste prys denkbaar vir apartheid sal moet betaal: die verlies van Afrikaans.

### **7.2.5 Die neerslag van die mites**

In hoofstuk 6 is die doel om by wyse van voorbeeldmateriaal te illustreer hoe wyd die mites wat in hoofstukke 4 en 5 bespreek is neerslag gevind het in verskillende Afrikaanse sisteme. Die uitgangspunt is dat die impak van die



betrokke mites gemeet kan word aan die trefwydte wat hulle gehad het in die sisteme onder bespreking.

Wat betref die neerslag van die mites in die Afrikaanse historiografie, is dit slegs nodig om daarop te wys dat die verskillende standpunte rondom die ontstaan en groei van Afrikaans op Afrikabodem dikwels ook die ideologie van die betrokke historiograaf onderskryf. Hiermee word nie beweer dat die historiografe nie eerlike wetenskaplikes is wat poog om hulle menings te verifieer en met bewyse te staaf nie. Die feit is egter dat historiografe gewone mense is en daarom noodwendig vanuit 'n bepaalde verwysingsraamwerk funksioneer. Die gevolg is dat die mites waarmee die historiograaf leef, onvermydelik deel uitmaak van sy seleksie, ordening en gevolgtrekkings. Hierdie proses is telkens werksaam wanneer die “storie van Afrikaans” deur een van die historiografe “oorvertel” word.

In die lig van die bespreking in hoofstuk 4 rondom die “liefdesband” tussen Afrikaans en die Afrikaner en die rol van Afrikaans as mitiese bindingsmiddel in Afrikanernasionalisme, is dit byvoorbeeld verstaanbaar dat Willemse (1991:251) verwys na die “deafening silence on or slighting of the non-Germanic or black impact on Afrikaans” by diegene wat die oorsprong van Afrikaans in Suid-Afrikaanse skoolleerplanne uiteengesit het. Die rede vir hierdie “stilte” ten opsigte van die “Afrika-wortels” van Afrikaans hou verband met die dominante rol van die Afrikaner “culture brokers” (Willemse, 1991:253 en verder):

The history constructed by Afrikaner historiography foregrounds an essential relationship to the motherland, the Netherlands instilling the belief of the direct European descendancy of Afrikaners. The language of these textbook authors is not merely a neutral carriage of the factual message but is very much part of a constructed and exclusive nationalist history” (p. 257).

Hierdie werkwyse (naamlik die seleksie van sekere feite en die weglating van ander) herinner aan die standpunt van die geskiedskrywers Samuel en

Thompson na wie veral in hoofstuk 2 dikwels verwys is. Die twee outeurs beweer onder meer dat narratiewe binne die genre van orale geskiedenisoordrag gesien moet word as “shaped accounts in which some incidents were dramatized, others contextualized, yet others passed over in silence, through a *process of narrative shaping in which both conscious and unconscious, myth and reality, played significant parts*” (Samuel & Thompson, 1990:5) (my kursivering).

Die belang van bogenoemde gevolgtrekkings vir hierdie studie is dat die historiografie van Afrikaans nie as ’n volkome “mitevrye” wetenskap beskou kan word nie, en dat die neerslag van verskillende mites rondom Afrikaans dus ook hier aantoonbaar is en tot in die eie tyd ’n beduidende impak het.

Wat betref die neerslag van die “Afrikaner”-mite in die onderwys en skoolleerplanne, is daar verwys na die C.N.O.-skole as instrumente teen verengelsing en na die rol van historiografe soos die Nienaber-broers wie se “storie van Afrikaans” in die leerplanne van skole vasgelê is.

Die neerslag van die “verdrukkingsmite” in die onderwysleerplanne is hoofsaaklik uiteengesit op grond van die werk van Jan Esterhuysen, wat ’n omvattende oorsig gee van die mate waarin Afrikaner- nasionalistiese sentimente daartoe bygedra het dat “leermateriaal linguistiese ondersteuning (ge)bied (het) aan die apartheidsideologie” (Esterhuysen 1986: Inleiding).

Die volledige bespreking van Esterhuysen hoef nie hier herhaal te word nie, maar myns insiens is daar wel repliek nodig ten opsigte van veral sy beswaar teen die keuse van Afrikanersentriese gedigte in die leerplanne van Afrikaanse hoërskoolleerlinge (eerstetaal). Esterhuysen se argument is dat die keuse van gedigte soos onder meer “Die beeld van oom Paul”, “Generaal de Wet”, “Die kampsuster” en “Vergewe en vergeet” vervreemdend ingewerk het ten opsigte van bruin moedertaalsprekers van Afrikaans wat nie hierdie geskiedenis met wit Afrikaanse kinders gedeel het nie. Dié standpunt is wel regverdigbaar wat betref

die bruin sprekers van Afrikaans. Myns insiens is dit egter nie 'n billike standpunt wat betref dié groep kinders wat wel met hierdie gedigte kan assosieer nie.

Dit is waarskynlik so dat daar in die informele of formele oordrag van die eie geskiedenis deur die volwassenes van bykans elke kultuurgroep op aarde vertellings en of/gedigte en ander literêre tekste ingesluit word waardeur kinders kan kennis neem van die manne en vroue wat as heroïese figure binne hulle groep gesien word. Die ongelukkige feit is dat daar binne die grense van een moedertaal 'n mitiese kloof ontstaan het en dat 'n deel van die moedertaalsprekers sodoende van die gemeenskaplike geskiedenis vervreem is. Hierdie feit kan myns insiens egter nie sonder meer beteken dat Afrikanerkinders daarom geen reg gegun mag word om ook hulle eie geskiedenis en volksfigure in gedigte en verhale te “ontdek” nie. Sou daar voorgestel word dat gedigte oor die eie herkoms en helde verkieslik nie in die leerplanne van Afrikaanse (Afrikaner-) kinders ingesluit moet word nie, sou daar van hierdie kinders 'n voorreg ontnem word wat aan kinders dwarsoor die wêreld gegun word.

Wat is nou die oplossing vir die feit dat daar binne een moedertaal twee groepe kinders bestaan met verskillende behoeftes ten opsigte van die keuse van literêre tekste in skoolleerplanne?

Daar is myns insiens geen eenvoudige of enkelvoudige antwoord op hierdie vraag nie. Een moontlikheid sou wees om te probeer differensieer wat betref die twee groepe kinders, maar hierdie oplossing sou op sy beurt weer kon bydra tot verdere verwydering en stigmatisering. Dit is in elk geval geensins meer 'n haalbare oplossing vandat daar wit en bruin kinders saam in dieselfde klaskamer is nie.

'n Ander – en waarskynlik meer aanvaarbare oplossing - waaraan aandag kan word, is dat daar moeite gedoen moet word om ook gedigte in te sluit soos onder meer Patrick Petersen se “komvandaan” (soos aangehaal in hoofstuk 5 rondom

die “bruin” mites), en ander gedigte waarmee bruin Afrikaanssprekende kinders kan identifiseer. Sodoende kan Afrikaanse moedertaalsprekers uit albei groepe waardering en begrip vir mekaar se mites ontwikkel (of ook insien dat baie van die mites gedeelde mites is) en die werklike “storie van Afrikaans” as meer genuanseerd begin ervaar as wat voorheen die geval was.

Daar is in hoofstuk 6 redelik uitgebreid aandag gegee aan die neerslag van die mites onder bespreking binne die Afrikaanse letterkunde. Daar is geredeneer dat die impak hiervan op die letterkunde nie toevallig is nie, aangesien die letterkunde by uitstek dié sisteem is waarbinne die mitiese ’n tuiste vind. Of anders gestel: die distillasie van al die mites van ’n volk maak deel uit van die narratiewe wat weer in die letterkunde neerslag vind. Min of meer dieselfde gedagte word verwoord deur Roodt (2001:233) wat die volgende beweer:

I hold the opinion that *a country’s literature is probably the best record of its history*. There are various reasons for this state of affairs: it’s not official, it’s not slanted, it offers different perspectives by innumerable individuals on their experience of the country’s realities. The paradox of literature is that although it is fiction, *the writer’s lie is mostly the truth* (my kursivering).

Sonder om weer die oorsig oor die mites in die Afrikaanse letterkunde te herhaal, sou daar beweer kon word dat albei die hoofmites onder bespreking in hoofstukke 4 en 5 wel deeglik in die Afrikaanse letterkunde van die twintigste eeu neerslag gevind het. ’n Verdere afleiding sou wees dat die letterkunde op sy beurt weer miteskepping in die hand gewerk het, of in elk geval meegehelp het om die betrokke mites nog sterker te vestig.

In die laaste afdeling van hoofstuk 6 is daar aandag gegee aan die polemieke rondom Opperman se gedig, “Kersliedjie” – en veral die gebruik van die frase “God se klong” - soos bespreek in die M.A.-verhandeling van N.J. Snyman. Hierdie polemieke bied ’n onteenseglike (en vir my persoonlik ’n redelik ontstellende) blik op die mate waarin die mite van Afrikaner-eksklusiwiteit en wit

meerderwaardigheid deel was van die kollektiewe denke van baie Afrikaners in die vyftigerjare. Hierdie denke was so sterk gevestig dat Snyman selfs daarop wys dat die frase “God se klong” deur een beswaarmaker as “onnasionaal” bestempel is (1969:63).

Daar sou nog baie meer voorbeelde van die neerslag van die mites rondom Afrikaans in verskillende Afrikaanse sisteme uitgewys kon word. Daar is egter aan die begin van hoofstuk 6 daarop gewys dat daar eksemplaries te werk gegaan word en dat die seleksie van ’n redelik wye spektrum van voorbeeldmateriaal veral ten doel het om te wys hoe groot die impak van die betrokke mites was.

### **7.2.6 Gevolgtrekkings**

**Die belangrikste gevolgtrekkings met betrekking tot hoofstukke 2 – 6 van die proefskrif kan soos volg weergegee word:**

- Mites word in hierdie studie as lewende, rigtinggewende kragte beskou (vgl. hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 1 en 2);
- Identiteit, nasionalisme, sogenaamde “verbeelde gemeenskappe” en die kwessie van politieke miteskepping is almal faktore wat belangrik is vir die diskoers (vgl. hoofstuk 1.4: uitgangspunt 13 en navorsingsvraag 3);
- Mites rondom Afrikaans word gesien as positief indien hulle bygedra het tot die bevordering van die taal se status en funksies en as negatief indien hulle verskraling van hierdie status en funksies meegebring het (vergeelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 4);
- In die eerste dekades ná die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner ’n verbete stryd gevoer om sy identiteit as groep te handhaaf teen Britse oorheersing (vgl. hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 4);
- Hierdie stryd word onder meer verwoord deur M.E.R. wat verwys na die “volgehoue vryheidsdroom” en die “nimmereindigende opdraand

- gesukkel” van die Afrikaner om homself te bly (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 4 en 5);
- Daar is onteenseglike bewyse van die feit dat Afrikaans in hierdie eerste dekades van die twintigste eeu en tot met die Nasionale Party-oorwinning by die stembus in 1948 as mitiese bindingsmiddel van Afrikanernasionalisme aangewend is (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
  - Die mite, “Afrikaans, verdrukkerstaal”, het ’n lang aanloop gehad in die koloniale geskiedenis van die land, en hang saam met onder meer die mite van wit meerderwaardigheid, die Afrikaner- burgerlike godsdiens en Afrikaner-eksklusiwiteit enersyds en swart bewussynstrewes andersyds (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 4);
  - Tydens die 1976-Soweto-onluste en die daaropvolgende opstande in die res van die land het Afrikaans grootliks as metafoor vir politieke verdrukking gegeld (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
  - In die narratiewe voor die Waarheids- en versoeningskommissie is Afrikaans en die Afrikaner dikwels – of meestal – as die “verdrukkings” uitgebeeld (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
  - Die moontlikheid is selfs al geopper dat Afrikaans die prys is wat die Afrikaners vir apartheid sal moet betaal (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
  - Die mite van Afrikaans as die taal van die “regte Afrikaners” en dié van Afrikaans as die taal van die verdrukker het albei wyd neerslag gevind in verskeie sisteme van die Afrikaanse werklikheid, en hierdie neerslag kan nagespeur en uitgewys word deur gebruik te maak van ’n seleksie uit ’n groot korpus geskikte voorbeeldmateriaal (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 5).

Die vraag kan dan nou gestel word hoe dit met die mites ná 1994 gesteld is (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 6 en 7).

### 7.3 Die mites rondom Afrikaans ná 1994

#### 7.3.1 Inleiding: standpunte van taalsosioloë in die aanloop tot 1994

Hans du Plessis maak die volgende uitspraak oor Afrikaans (1992:49):

Afrikaans hoort histories en eietyds in Afrika. Sonder om sy Europese wortels weg te wens, lewe Afrikaans juis omdat hy Suid-Afrikaans is.

In dieselfde publikasie (1992:49) skets Du Plessis egter die situasie rondom Afrikaans – sonder om daarna te verwys as mites – as sou Afrikaans enersyds die simboolwaarde besit van die “toepassing van apartheid” en andersyds dié van “eksklusiewe draer van Afrikanernasionalisme” (dus van die twee opponerende mites wat in hierdie proefskrif in hoofstukke 4 en 5 bespreek is – AMJ).

Daar is ook in hoofstuk 5 rondom die verdrukingsmite verwys na Van Rensburg se uitspraak (1999:72) oor (die simboolwaarde van – AMJ) Afrikaans. Van Rensburg noem dit “die metaforiek omtrent Afrikaans” en beskryf die problematiek hieromtrent soos volg:

Daar heers vandag in Suid-Afrika ’n mode wat dit wil hê dat daar vir die sondes van ’n deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap [...] ’n beskuldigende vinger na die taal Afrikaans gewys word.

Sy standpunt is duidelik: die taal kan nie instaan vir sy sprekers se oortredings nie:

Ek wil betoog *dat die taal Afrikaans nie in die beskuldigdebank behoort te staan nie...* (my kursivering).

In die werk van albei hierdie Afrikaanssprekende (Afrikaner-) taalsosioloë sou 'n mens oor 'n lang tydperk 'n sensitiwiteit vir die “veelrassige” geskiedenis en aard van Afrikaans kon bewys. Om maar een voorbeeld te noem:

Christo Van Rensburg het reeds in die tagtigerjare met ondersteuning van die RGN intensiewe navorsing gedoen oor die Afrikaans van die Griekwas en hieroor omvattend verslag gedoen. Met verloop van tyd het dieselfde onderwerp vir Hans du Plessis in so 'n mate geboei dat hy begin het om verskeie Psalms en later ook ander Bybelgedeeltes in Griekwa-Afrikaans te omdig.

Du Plessis spel die aard van dié Afrikaans wat in die “nuwe Suid-Afrika” moet bly voortbestaan (ook as amptelike taal) in sy 1992-publikasie soos volg uit:

Onthou: as ek van Afrikaans as amptelike taal in die nuwe Suid-Afrika praat, praat ek van die nuwe Afrikaans... Afrikaans wat rekening hou met sy eie nie-wit geskiedenis, en 'n Afrikaans wat rekening hou met die totaliteit van sy dialektiese moontlikhede.

Theo du Plessis, 'n jonger taalsosioloog en student van Christo van Rensburg, neem in Februarie 1988 deel aan 'n seminar oor “Alternatiewe Afrikaans”, wat uitloop op die publikasie “Afrikaans en bevryding”. Die slotsom van Du Plessis se referaat (1988:50,51) is dat daar gestrewe word na 'n “nie-rassige Afrikaans [...] wat in 'n uiteindelijke Suid-Afrika 'n gesonde, ongestremde en onbehepte leefruimte (sal hê).”

Hierdie taalsosioloë vra dus almal by implikasie dat die taal nie “verantwoordelik gehou mag word”<sup>2</sup> vir politieke miteskepping deur Afrikanerleiers in die verlede en die neerslag van mites in verskeie Afrikaanse sisteme nie, maar dat 'n inklusiewe, nie-rassige Afrikaans 'n regmatige plek in die postapartheidsera gegun sal word.

---

<sup>2</sup> Ek is bewus van die feit dat dié formulering 'n verpersoonliking van Afrikaans impliseer, waaraan baie ander gespreksgenote hulle ook skuldig maak. Vanselfsprekend is dit nie die taal as sodanig nie, maar sy sprekers of die betrokke taalsosioloë wat aan die woord is.



Steyn (1993) bespreek die geskiedenis rondom taalideologie en taalbeleid in Suid-Afrika. In sy betoog (1993:97) rondom die voor-en nadele van taalpluralisme teenoor taalassimilasie wys hy daarop dat, hoewel die direkte koste van taalpluralisme in die geskiedenis hoër was as dié van assimilasië, pluralisme voordele ingehou het soos taalregte en toegang tot belangrike loopbane. Konflik is ook eerder vermy deur pluralisme, en die opstande in Soweto in 1976 het juis voorgekom op grond van die gedeeltelike assimilasiëbeleid. Steyn wys voorts daarop dat amptelike Engels-eentaligheid in Suid-Afrika “’n terugkeer (sou) beteken tot ’n assimilasiëbeleid wat al die ander tale as die amptelike taal gaan benadeel.” Steyn haal in hierdie verband vir Cocquereaux (1981:34) aan, wat die volgende beweer:

Uit het offisiële leven verbannen, blijft ze na enige tijd alleen een gesproken taal. Zij sukkel voort in dialectale vormen of verschrompelt tot patois, door die meerderheidstaal gecontamineerd.

Die bogenoemde standpunt wat deur Steyn gestel word, geld weliswaar die situasie wanneer ’n bepaalde taal amptelik van sy amptelike status ontnem word. Dit is nie die geval met Afrikaans ná 1994 nie. Die frase van Cocquereaux, “uit het offisiële leven verbannen” kan egter nie sonder meer ter syde gestel word nie. Daar is reeds na talle voorbeelde van hierdie “verbanning” van Afrikaans uit die offisiële lewe van Suid-Afrika verwys (en dit ten spyte daarvan dat die taal wetlik ampstaalstatus geniet), en nog talle ander sou bygehaal kon word. Taallojale Afrikaanssprekendes word dikwels gekonfronteer met dieselfde situasie as dié waarna prof. De Vos in 1906 verwys het, soos aan die begin van hierdie hoofstuk aangehaal:

Maar wijst nu de een of ander op zodanig misbruik, zoals hierboven genoemd, (waar Engels voorkeur geniet het bo die “Afrikaanders” se taal – AMJ) dan heet het: hoe bekrompen, hoe anti-Engels om op zulk een kleinigheid te vitten!

Die verskraling van Afrikaans se status in die openbare lewe is waarskynlik vir baie Afrikaanssprekendes (en spesifiek die “Afrikaner”-segment) tekenend van hulle eie verswakte politieke posisie in die land ná 1994.

Daar word voorts geargumenteer dat talle polemieke/diskoerse en gebeure ná 1994 bygedra het tot verdere miteskepping enersyds en ontluistering andersyds van die mites rondom Afrikaans wat in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit is. Drie van hierdie gebeure/diskoerse (wat weer eens slegs ’n eksemplariese seleksie verteenwoordig) word vervolgens genoem/kortliks bespreek.

### **7.3.2 Die WVK (1996-1998)**

Die getuienis van “gewone mense” voor die Waarheids- en Versoeningskommissie is in hoofstuk 5 redelik breedvoerig bespreek en sal derhalwe nie weer hier aan die orde gestel word nie. Uit die bespreking moet dit egter duidelik wees dat die WVK-verhore enersyds ’n groot impak gehad het op miteskepping “teen” Afrikaans en die Afrikaner binne dié groepe wat die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal “geleef” het, en andersyds hulle deel bygedra het tot ontluistering van die Afrikanermite vir diegene wat in die Afrikaner se roeping “aan die suidpunt van Afrika” en sy Christelike aard as lewende en singewende mites geglo het.

### **7.3.3 “Boetman is die bliksem in” (2000 -2001)**

Die agtergrond van die sogenaamde “Boetman”-debat is ’n ope brief van Chris Louw, die enigste joernalis van Suid-Afrika by die Statebondskonferensie rondom die beëndiging van apartheid op die Bahamas in 1985 en in 1995 uitvoerende regisseur van twee Afrikaanse radio-aktualiteitsprogramme, *Monitor* en *Spektrum*. Louw se ope brief (gedateer 1 Mei 2000) is gerig aan dr. Willem de Klerk na aanleiding van laasgenoemde se boek, *Afrikaners: kroes, kras, kordaat*. Louw het sy brief aanvanklik in Nasionale Pers se Boekhuis in Aucklandpark

neergesit vir koffiedrinkers om te lees, maar op 5 Mei 2000 is dit in verkorte vorm (op een volblad) in *Beeld* gepubliseer met die opskrif *Boetman is die bliksem in*.

Die kerngegewe van die brief en die daaropvolgende debat is dat die ouer geslag “Broeders” die jonger geslag “Boetmans”, van wie Louw een is, met mooi (miteskeppende – AMJ) woorde in die bloedige stryd – die grensoorlog – ingestuur het om te sterf vir die “Groter Saak” (2001:7) terwyl hulle (die “Broeders”) nooit self ’n oorlog gevoer het nie. Boonop verwyt die “Broeders” nou hulle “volgelingen” en “die Afrikaners” in die algemeen vir apartheid sonder dat hulle persoonlik die “hoof”-skuld daarvoor aanvaar. (In die slothoofstuk van Louw se boek, wat deur ’n kliniese sielkundige, Gert de Lange, geskryf is, word na die debat as ’n “volksdrama” verwys en dit is dan ook so dat die dramaturg, Pieter Fourie, die “woorde-oorlog” tot ’n verhoogdrama vir die 2000 Aardklopfes verwerk het. Daar is dus duidelike sprake van die impak van miteskepping tydens en na aanleiding van die betrokke debat.)

Louw voel skynbaar ook persoonlik gegrief omdat dr. De Klerk hom as jong joernalis (maar reeds getroud, met twee kinders en so digby dertig (2001:11)) in die gange van Perskor “ge-‘Dag Boetman’” het. Hierdie aanspreekwyse getuig vir Louw van die patriargale sisteem waarvolgens die Afrikanerjeng onder meer deur hulle ouers (en oueres) geïndoktrineer is:

Ek onthou hoe ons op skool [...] gatgeskeer het met die Christelik-nasionale kolonels wat ons so vreeslik sedig kom vermaan het teen die euwels van popmusiek, lang hare en voorhuwelikse seks (2001:10).

En

Ek was immers ’n produk van u Christelik-nasionale onderwys; ’n suksesvolle skepping van organe soos die Broederbond... Julle was slug genoeg om ons ook met julle ideale te besmet, deur julle Broederbond-dinkskrums, julle kerkrade, julle geskiedenisonderwysers, julle veldkampe, julle voorligtingsklasse, julle *Roeping en werklikheid*, julle Uitsaaikorporasie, julle koerante, en veral julle sensuur (2001:13).

Dit is baie duidelik dat Louw sinies is oor die **bewustelike miteskepping** deur al die genoemde rolspelers, en dat die “ideale” wat oorgedra is, vir hom die aanskyn van ’n siektetoestand of “besmetting” het. Die “persoonlike aanval” op (Willem) de Klerk is ook in mities-gelaaide frases verwoord (2001:15):

Willem die Veroweraar. Willem die Dappere. Arme Willem die Verketterde.  
Willem die Selfregverdigende.

In die konteks van hierdie diskoers oor mites is dit veral interessant dat Louw self eksplisiet na miteskepping verwys in die volgende uitspraak (2001:15):

Ons ou grootvaders het geskiet om dood te skiet. Jou geslag het die Slag van die Woord verken: hoe om te skryf om dood te skryf. In die proses is die *mites verwaarheid* wat vir ons – vandag se dertigs tot vyftigs – *selfs met al ons sinisme, ons geskiedenis geword het ... Watter dapper krygers ons grootvaders was in wie se spore ons [...] gevolg het. Met vernuftige woordspeletjies het julle staatsterreur en menseregteskendings gelykgestel aan ons voorouers se vryheidstryd... Nou hoor ons – die Nuwe Geskiedenis haal die oue mos altoos in – dat selfs in die tyd van heldedade meer as miljoen patrone vermors is om maar enkele duisende Kakies van die gras te maak. Soos julle, het die ou takhare ook maar nie te suiwer gekorrel nie* (my kursiverings)<sup>3</sup>.

Louw vertel voorts van ’n gewese veiligheidspolisieman wat tydens ’n openbare diskoers rondom die “Boetman”-debat by die Aardklop-kunsteftes in September 2000 gebieg het dat hy mense gemartel het en ander onder hom gemobiliseer het om dit ook te doen omdat hy sy “dominee en politieke leiers” geglo het wat gesê het die saak is reg:

Die fors, grys Oom het ’n oomblik stilgebly, en toe gevra: “*Hoe het die storie begin? Wie het dit uitgedink?*” (2001:35) (my kursivering).

Die “Boetman”-brief het ’n hewige polemieë in die media ontlok en talle briewe, wat uiteindelik vervat is in Louw se 2001-publikasie (waaruit bostaande aanhalings geneem is), dui op instemming van oud-dienspligtiges en hulle

<sup>3</sup> Louw gee in dieselfde trant hoofstuk 8 van sy boek die titel “Die *mite* van die onskuldige baba”.

naasbestaandes met die sentimente daarin. Die bestek van die polemieek is te omvattend om verder in besonderhede daarop in te gaan.

Enkele slotwaarnemings in verband met die “Boetman”-debat is die volgende:

- Die uitsprake van die genoemde oud-dienspligtiges en hulle naasbestaandes is dikwels skokkend en het waarskynlik in die maande na die ope brief en die reaksie daarop hulle deel bygedra om Afrikaner-mites se geldigheid onder verdenking te bring; Die sterk klem wat Louw plaas op bewustelike miteskepping ter wille van beïnvloeding en indoktrinasie deur verskeie leiers- of gesagsfigure en opvoeders herinner aan Thompson se siening (soos uiteengesit in hoofstuk 3) van sogenaamde “radikale mites” as uiters skadelike fenomene. Thompson haal Cassirer 1946:280 aan wat beweer dat dié demoniese miteskeppende kragte altyd teenwoordig is, “*lurking in the dark and waiting for (their) hour and opportunity. This hour comes as soon as the other binding forces of man’s social life, for one reason or another, lose their strength and are no longer able to combat the demonic mythical powers*” (my kursivering.)
- Die interessantste aspek van die “Boetman”-polemieek vanuit die uitgangspunt van hierdie diskoers is egter Louw se stelling dat daar ironie bestaan in die feit dat hy “op intellektuele vlak met soveel saamstem wat (De Klerk) skryf”, alhoewel dit nie “die woede verdryf nie” (2001:21). Hierdie uitspraak dui immers daarop dat die miteskepping in Louw se eie lewe nie sonder blywende impak was nie, en dat dit nie sonder meer moontlik is om die mites waarmee hy van jongs af geleef het, tot niet te maak nie. Dieselfde afleiding volg uit die aanhaling hierbo waarin Louw beweer dat – ten spyte van sy geslag se sinisme – die mites van hulle “helde-voorgeslag” vir hulle “verwaarheid” is en “geskiedenis” geword het.

### 7.3.4 Die verskyning van Hermann Giliomee se “biografie van ’n volk” (*The Afrikaners: biography of a people*) (2003)

In Giliomee se inleiding tot sy biografie oor die Afrikaners (2003:xiii) word enkele mities-gelaaide frases van Jan Smuts (uitgespreek in 1949 met die onthulling van die Voortrekker-monument) aangehaal (*Smuts Papers*, volume 7:327):

What young nation can boast a more romantic history, one of more far-reaching human interest? Color, incident, tragedy and comedy, defeat and victory, joy and sorrow ... our early history is full of the most gripping human interest. If only we had the pen of the Greeks, what a literary contribution should we make to our future treasures! There is gold not only in our earth, but still more in our history.

Rondom die apartheidsideologie maak Giliomee die stelling dat daar ’n “vreemde” poging was om die begeerte om as wit volk voort te bestaan, te versoen met die konsep van geregtigheid.

The peculiar feature of apartheid as an ideology was its attempt to reconcile the demands for white survival and justice. But for those nationalists who were “double-minded segregationists”, to use Hoernlé’s term, it was difficult to believe that the bleak, segregated townships could justify the denial of rights to black and colored people (Giliomee 2003:461).

In die konteks van bogenoemde aanhaling verwys Giliomee na ’n preek in 1940 wat baie bespreking uitgelok het. Die prediker was ds. William Nicol van Johannesburg. Ds. Nicol se standpunt was dat hy hom wel beywer vir die voortbestaan van ’n afsonderlike Afrikanervolk, maar dat hy eerder sou wou sien dat die Afrikaners deur ander volke verswelg word as dat hulle sou probeer om sonder God en sonder geregtigheid voort te bestaan.

(Hierdie gedagte herinner sterk aan die bekende voorwaarde vir voortbestaan wat van Van Wyk Louw rondom die Afrikanervolk uitgespreek het, nl.

“voortbestaan in geregtigheid”. (Steyn, 1998:1135 se oordeel oor hierdie uitspraak van Van Wyk Louw lui soos volg: “Hy was nie die eerste in die

geskiedenis van die Afrikaner wat geregtigheid as 'n etiese imperatief gesien het nie, maar van geeneen van sy voorgangers het daar so 'n dwingende invloed op die hele gemeenskap uitgegaan nie. 'Voortbestaan in geregtigheid' het mettertyd die hoofmotief vir die Afrikaanse denkers en politici geword wat deur sy denke beïnvloed is.”)

Die afleiding wat volgens Giliomee uit standpunte soos dié van die geestelike leier, ds. Nicol, en die intellektueel, Van Wyk Louw, gemaak kan word, is dat reeds van voor die bewindoorname deur die Nasionale Party en ook in die loop van die apartheidsjare, daar prominente Afrikaners was wat hulle kommer oor die regverdigbaarheid van die apartheidsideologie uitgespreek het.

Talle standpunte van Afrikaners wat teen apartheid in geskryf het, is in hoofstuk 5 van hierdie proefskrif aangehaal. Ten spyte hiervan oordeel Giliomee dat, hoewel Afrikaners gedwing is om baie van hulle aannames in heroënskou te neem, die meeste nog moeilik erken dat apartheid in beginsel verkeerd was (2003:666).

**Hierdie laasgenoemde stelling van Giliomee op die laaste bladsy van sy omvattende biografie oor die Afrikaners dui myns insiens baie sterk daarop dat die mites waarmee mense oor 'n lang tydperk geleef het, beswaarlik binne 'n dekade tot niet gemaak kan word. Dit bevestig ook die stelling in die “voorafwoord” dat pogings tot die dekonstruksie van 'n mite nie sonder meer die geldigheid van die bestaan van die mite tot niet kan maak vir diegene wat hulle hele bestaan in terme daarvan gedefinieer het nie.**

### **7.3.5 Die “versteuring van veilige patrone”**

Daar is onteenseglik ook faktore in die (mitiese) “nuwe Suid-Afrika” van die afgelope dekade wat 'n negatiewe impak het op pogings om die “ou” mites in die geval van Afrikaanssprekendes (Afrikaners) te hermitologiseer. Die belangrikste

hiervan is die impak van die sogenaamde regstellende aksie (as gevolg waarvan baie wit Afrikanermans hulle werk verloor het), asook die eskalاسie van misdaad in die algemeen en die gereelde voorkoms van plaasmoorde in die besonder (omdat dit lyk asof laasgenoemde veral teen Afrikaner-boere gemik is in 'n poging om wraak te neem op apartheid en omdat die persepsie bestaan dat die ANC-regering nie hierdie saak met die nodige erns bejeën nie – AMJ.)

Die bogenoemde faktore en die doelbewuste pogings om bestaande lewende mites binne 'n groep te ontmitologiseer, kan lei tot apatie en rigtingloosheid. (Vergelyk in hierdie verband die sesde uitgangspunt wat in hoofstuk 1.3 as onderdeel van die probleemstelling uiteengesit word).

Steinbeck (vgl. die aanhaling aan die begin van hierdie hoofstuk) verduidelik voorts ontugtering of “disillusie” as die emosie wat 'n mens ervaar wanneer jou *veilige patrone* versteur word. Daar kan beweer word dat die Afrikaner ná 1994 in baie opsigte in 'n fase van “versteuring van die veilige patrone” en daarom ook van ontugtering leef. Die “veilige patrone” het onder meer behels: wit Afrikaanse dominansie en minderheidsregering, Afrikaner-eksklusiwiteit, media-beheer, werksgeleenthede vir Afrikaanssprekendes, beheer oor staatsinstellings en die onderwys en vele meer. Ewe belangrik was ook die “waarheid” van die Afrikanermities waaronder Afrikaner-geroepenheid, die Afrikaner- burgerlike godsdiens en die “wonder van Afrikaans.”

Die afleiding is dus dat die apatie en disillusie nie net die gevolg is van die “fisieke wêreld” (of “veilige patrone”) wat “ten gronde gegaan het nie”, maar van die mite(s) wat ontluister is (Leroux 1980:12). Krog (1998:44,45) verwys byvoorbeeld na die geskoktheid van wit mense by die aanhoor van die narratiewe voor die Waarheids- en versoeningskommissie. (“The whites are often disconcerted: they didn't realize the magnitude of the outrage ...”)



Die gereelde verwysings ná 1994 na die vergrype van die apartheidsregime, die uitsprake teen Afrikaners tydens die WVK-verhore, die feit dat baie wit (veral mans hulle poste in die regering en staatsdiens verloor (en ander soortgelyke “vernederings”), bring groot ontnugtering mee. Soos hierbo bespreek, neem die jonger geslag (die “Boetmans” tussen dertig en vyftig jaar) die ouer geslag (die “Broeders”) kwalik vir apartheid en veral ook vir die miteskepping rondom apartheid wat volgens hulle (Louw en ander) vals was (en dus binne die diskoers van hierdie proefskrif die lewende en singewende funksie van die mite as ’t ware oneer aan gedoen het – AMJ).

Al hierdie faktore het noodwendig ook ’n groot impak op die (mitiese) “merker van (Afrikaner-/Afrikaanse) sosiokulturele identiteit” (vergelyk Webb 1992:9), naamlik die taal, Afrikaans.

#### **7.4 En nou, Afrikaans?**

Afrikaans het, soos reeds genoem, in die nuwe Suid-Afrika wel een van die amptelike tale van die land geword, ’n status wat die taal met nog tien ander tale deel. Moedertaal-Afrikaanssprekendes van alle kleurgroepe (blank, bruin en selfs swart) praat daagliks Afrikaans in die huis, in sosiale interaksie onder mekaar, op die skoolterrein, by die kerk, in die wandelgange by die werk, en in talle soortgelyke sogenaamde laetaalfunksiesituasies. Afrikaanse dagblaie en tydskrifte word deur groot getalle lesers gelees, die Afrikaanse letterkunde is steeds verreweg die mees produktiewe Suid-Afrikaanse letterkunde (Roodt, 2001:233), en Afrikaanse musiek en toneel floreer, gemeet aan die Afrikaanse “kunsteefeeste”.

Ten spyte van al die bogenoemde oënskynlik gunstige tekens rondom Afrikaans se huidige posisie, is daar egter ook, soos reeds genoem, talle onmiskenbare tekens van die verskraling van Afrikaans se hoëfunksiestatus wat nie sonder meer genegeer kan word nie.

Ons leef in die postapartheidsera. Dit is dan ook in 2004 reeds die derde maal dat daar 'n verkiesing sal plaasvind waartydens volwassenes van alle rassegroepe op 'n gemeenskaplike kieserslys hulle stemme sal kan uitbring om demokraties verkose leiers uit alle bevolkingsgroepe aan te wys.

Die uitgangspunt van hierdie proefskrif is egter dat mites, as singewende en lewende kragte, nie sonder meer “vernietig” kan word nie en gevolglik hulle impak oor 'n baie lang tyd steeds laat geld. Dit is waar wat betref die impak van bewustelike politieke miteskepping (vgl. die “Boetman”-debat hierbo), maar baie meer nog vir dié miteskepping wat in die “kollektiewe onderbewuste” (volgens Jung – vgl. hoofstuk 2) ontstaan en wat dus tot 'n groot mate onbewustelik tot stand kom. Uit die diskoers in hierdie proefskrif moet dit op hierdie stadium duidelik wees dat albei hierdie wyses van miteskepping deeglik verreken kan word in die “storie van Afrikaans.”

Vir die Afrikaner was die eis van sy voortbestaan as afsonderlike groep van die begin af (dit wil sê reeds in die negentiende eeu, maar ook deur die loop van die twintigste eeu) 'n lewende en rigtinggewende mite, waarsonder hy sy bestaan nie sou kon indink nie. Hierdie mite is deur sy leiers op alle gebiede aan hom voorgehou, en het later gestalte gekry in die beleid van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende groepe in die land.

Afrikaans was vir die Afrikaner van meet af aan 'n kragtige en miteskeppende instrument (vergelyk weer hoofstuk 4) wat juis daarom op besondere wyse ontwikkel is om status te kon verwerf op al die belangrikste openbare terreine. Dit is dus nie vreemd dat, nog meer so as die meeste ander groepe, die Afrikaner steeds sy groep se identiteit, voortbestaan en lewenskragtigheid meet aan die mate waarin Afrikaans groei – of kwyn - en status geniet al dan nie.

Aan die ander kant kan die mite van Afrikaans as die taal van apartheid – en dus die verdrukkerstaal – ook nie so maklik vernietig word nie. Baie mense wat tans in die regering is, het gely onder “Afrikaans as die verdrukker” – selfs al was hulle eie moedertaal Afrikaans – en het dus geen voorliefde vir die taal en sy sprekers nie. Afgesien van die praktiese, finansiële oorwegings vir die keuse van Engels as taal van nasionale eenheid en *lingua franca*, kan die doelbewuste “aftakeling” van Afrikaans se regte en status op vele openbare terreine sekerlik ook verband hou met die impak van die betrokke mite en die poging tot regstelling van die verlede. Die feit dat Afrikaners vir baie lank geen geheim gemaak het van hulle besondere verbondenheid met Afrikaans as mitiese merker van Afrikaneridentiteit nie, maak dit vir diegene wat die “ander mite” geleef het, soveel sinvoller om juis die taal te gebruik om hulle as ’t ware op die Afrikaner en apartheid te “wreek.”

Drie tradisioneel-“Afrikaner”-terreine is dus aangetas:

- Die werksmilieu, en veral die staatsdiens, waar regstelling volgens kwotastelsels (op grond van die bevolkingsamestelling) baie Afrikaners uit poste wat hulle tradisioneel bekleed het, dwing;
- Die landboumilieu – ook tradisioneel die wêreld van die Afrikaners (of “Boere”) – waar gronde onteien word ten gunste van historiese eienaars se eise en waar plaasaanvalle hulle lewens daagliks bedreig; en
- **Die terrein van hulle “geliefde” taal, Afrikaans, wat na twee eeue van verzet en na besondere winste op sowel die gebied van korpusontwikkeling as dié van statusontwikkeling, in hierdie laat fase lyk asof dit gaandeweg die knie moet buig voor totale oorheersing deur Engels.**

#### 7.4.1 Het die “wonderboom” geval? (Erkenning aan J.C. Steyn en Réna Pretorius)

Sou dit dan nou die slothoofstuk in die “storie van Afrikaans” wees? Het die mite van die “wonder van Afrikaans” sy krag verloor? Is ons nou by die punt waarna Steyn (1978:122) sy dagboekinskrywer laat verwys:

Dis miskien ons almal se enigste egte besit: die smart en die vrees vir die smart om te kan verloor wat vir ons die liefste is... [...] dat die wonderboom ...”

Pretorius (1984:65) voltooi hierdie “angsvallige dagboekskrywer” se frase deur dit in ’n retoriese vraag te omskep: “Vrees dat die wonderboom sal ... val?”

Het die metaforiese “wonderboom” – Afrikaans – miskien al reeds geval, terwyl net sy wortels nog krampagtig aan Afrikabodem bly vasklou? Het die mites rondom Afrikaans die taal ingehaal op tweërlei wyses:

- deur ontluistering van die Afrikanermities, sodat ook die mitiese bindmiddel van Afrikaner-eenheid sy krag verloor het; en
- deur oorbeklemtoning van die verdrukkingssmitie, waarvolgens die taal mede-verantwoordelik gehou word vir die geskiedenis van apartheid en alles wat daarmee saamgegaan het en dus as ongewens beskou word binne die konteks van die “nuwe Suid-Afrika?”

Die antwoorde op al die bostaande vrae is nie eenvoudig of enkelvoudig nie. Hoogstens kan enkele slotopmerkings die rigting aandui waarlangs oplossings vir die bedreiging rondom die voortgesette rol van Afrikaans in Suid-Afrika gesoek kan word.

## 7.5 Slotsom van die ondersoek

Die mites wat in die loop van die twintigste eeu rondom Afrikaans ontstaan het, asook hulle impak en neerslag binne verskillende Afrikaanse sisteme is in die voorafgaande bespreking onder oënskou geneem.

Die **slotsom** kan kortliks soos volg gestel word:

- Miteskepping rondom Afrikaans het onteenseglik plaasgevind en 'n belangrike rol binne die konteks van die taal se ontwikkeling op alle terreine gespeel;
- Daar was miteskepping vanuit twee verskillende ideologiese vertrekpunte en daarom bestaan daar tans ook nog twee uiteenlopende beskouings van die waarde en rol van Afrikaans in Suid-Afrika;
- Hierdie feite plaas Afrikaans in Suid-Afrika in sommige opsigte in 'n problematiese posisie en kan moontlik negatief impakteer op die voortgesette rol en status van die taal in die veeltalige Suid-Afrika, en veral in mededinging met sy oudste “teenstander”, nl. Engels;
- Indien Afrikaans steeds funksioneel verskraal word en die wit groep sprekers – die Afrikaners – steeds verantwoordelik gehou word vir die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal en die gepaardgaande apartheidsmite, kan dit lei tot verdere disillusie en ontluistering van die eie mites, en moontlik tot apatie of fisiese afstandskepping (deur bv. emigrasie uit die land);
- Daar moet deurtentyd gesoek word na sinvolle oplossings vir die probleme rondom Afrikaans.

## 7.6 Aanbevelings

Enkele **aanbevelings** word hierna voorgelê, alhoewel daar sekerlik nog in diepte deur politici, taalbeplanners en “gewone Afrikaanssprekendes” na verdere oplossings gesoek moet word.

### 7.6.1 Leef saam met die mites

Die eerste saak wat myns insiens van baie groot belang is wanneer oplossings gesoek word vir probleme rondom Afrikaans se huidige stand is dat daar met die mites rondom Afrikaans saamgeleef moet word.

Hiermee word bedoel dat die mites wat in hierdie proefskrif bespreek is – en veral dan die twee “hoof”-mites soos in hoofstukke 4 en 5 onderskeidelik aan die orde gestel – op geen manier weggewens of weggeredeneer kan word nie.

**Dit is reeds duidelik gestel dat mites as singewende en lewende kragte diegene wat in hulle waarheid glo, rig en lei, en as sodanig beswaarlik binne een menseleeftyd ongeldig verklaar kan word. Of liewers: die mite kan sekerlik by herhaling ongeldig “verklaar” word, maar hierdie verklarings sal geen blywende impak hê nie, omdat die waarheid van die mite tydloos is ook nie “’n verstandelike konkoksie” verteenwoordig nie (sien die aanhalings in hoofstuk 2 in hierdie verband). Om sonder die mite te probeer leef, is so goed as om te “sterf van honger.”**

Die oplossing is dus myns insiens nie om die eie of die ander se mites te probeer ontken of ontmitologiseer nie, maar om te aanvaar dat die ander inderdaad ook lewende en singewende mites het waardeur hulle bestaan gerig is, en om respek en deernis hiervoor te ontwikkel. Dit geld ook die opponerende mites rondom Afrikaans. In die woorde van Brink, soos aangehaal aan die begin van hoofstuk 6, moet daar in gedagte gehou word dat al die sprekers van Afrikaans (wat beide moedertaalsprekers en niemoedertaalsprekers kan insluit) “baie stories het wat almal waar is”, en dat dit noodsaaklik is “om reg te leer luister”. (Vgl. ook in hierdie verband hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 8 en 9.)

In die huidige opset waarin baie van die vorige gedwonge grense tussen mense afgebreek is, is dit ook makliker om na mekaar se “stories” te luister en sodoende tot ware begrip te probeer kom. Dit sou dus wenslik wees om nog baie meer – metafories gesproke – “bloekombos”-gesprekke binne die Afrikaanse taalwerklikheid en sy mites te voer, met deelnemers uit die geledere van sowel diegene wat binne die Afrikanermities opgegroeï het as diegene wat deur die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal gevorm is. Die belangrikste is egter in dié geval om saam te leef met die mites – dié van die ander, maar ook die eie (want ironies genoeg is die mens ook soms in stryd met die impak van die mites in sy eie lewe).

#### **7.6.2 Liesit, praattit, skryffit, ontginnit en bedryffit (erkenning aan Marius F. Titus – Uit: “Skryfwerk”)**

Steyn (1980:18) maak die volgende uitspraak rondom taalstatus as een van die vereistes vir die voortbestaan van ’n taal:

Getalsterkte, ekonomiese waarde en kulturele gehalte is van die dinge wat die status van ’n taal bepaal.

Daar kan sonder vrees vir teenspraak beweer word dat Afrikaans in Suid-Afrika op die oomblik nog in al die bogenoemde opsigte in ’n sterk posisie verkeer.

##### **(i) Getalsterkte**

Wat getalsterkte betref, kan daar weer na die uiteensetting in hoofstuk 1 (1.1) gekyk word (soos gegrond op die jongste verwerkte sensusgegevens van 2001, aangehaal in Webb 2003). Hiervolgens is 13.3 % van die Suid-Afrikaanse bevolking moedertaalsprekers van Afrikaans, wat Afrikaanssprekendes dus die derde grootste moedertaalgroep maak, teenoor Engels met 8.2 % as die vyfde grootste

moedertaalgroep. Daarbenewens is daar 16.3 miljoen mense in die land wat aandui dat hulle Afrikaans as eerste of tweede taal ken, terwyl daar net 1.4 miljoen meer mense is (17.7 miljoen) wat eerste- en tweedetaalkennis van Engels aandui. Geografies is Afrikaans se verspreiding ook beter as dié van Engels. Wat getalsterkte en T1- en T2-kennis betref, staan Afrikaans dus in werklikheid minder agter vir Engels as wat waarskynlik tans vermoed word.

## **(ii) Ekonomiese waarde**

Afrikaanssprekendes kry wel – soos voorheen gemeld – opdraend in dié beroepe wat voorheen tradisioneel deur hierdie groep beklee is, soos onder meer poste in die staatsdiens en semi-staatsdiens. Daar word ook van maatskappye verwag om regstelling wat betref die indiensneming van persone uit alle groepe volgens 'n kwotastelsel te bewys.

Afrikaanssprekendes het hulle egter toenemend as entrepreneurs laat begin geld. Dit beteken dat Afrikaanssprekendes steeds in baie gevalle diensverskaffers is en dat 'n kennis van Afrikaans ook vir niemoedertaalsprekers in hierdie gevalle 'n ekonomiese bate is.

Afrikaanssprekendes het ook nog 'n groot genoeg impak op die koopkrag in die land om hulle as drukgroep te kan laat geld, bv. wat betref die advertensiewese. (Of Afrikaanssprekendes wel hierdie vermoë tot selfgelding uitoefen, is 'n aspek waarop in afdeling iii hierna teruggekom word.)

Die slotsom is dus dat Afrikaans in Suid-Afrika nog steeds 'n onbetwiste ekonomiese waarde het vir sowel moedertaalsprekers as niemoedertaalsprekers.



**(iii) Kulturele gehalte**

Oor Afrikaans se ontwikkeling as kultuurtaal hoef daar by niemand enige bedenkinge te bestaan nie. Die taal is mettertyd terminologies op alle terreine ontwikkel, en die soeke na woorde vir die heel jongste tegnologiese ontwikkelings bly nie uit nie, soos onder meer blyk uit die kompetisie op LitNet om 'n goeie Afrikaanse ekwivalent vir 'n sms te bedink (nadat "vonkpos" vir "e-pos" glo deur Breyten geskep is).

Dit is egter veral die kwaliteit van die Afrikaanse letterkunde vanaf die heel vroegste skrywers soos bv. Van Bruggen tot en met die baie produktiewe onlangse skrywers en digters wat aan Afrikaans so 'n besondere plek onder die tale van Suid-Afrika, maar ook in die groter wêreldletterkunde besorg. Daar is nie ruimte om hier al die "groot name", na wie daar in sommige gevalle reeds in die loop van hierdie studie verwys is, te noem nie. 'n Interessante opmerking wat as voorbeeld kan dien vir die impak van die Afrikaanse letterkunde is dié van die Vise-rector:

Geesteswetenskappe van die Universiteit van Pretoria, prof. Chabani Manganyi, wat by die prysuitdelingsfunksie van die Departement Afrikaans op 5 Maart 2004 gesê het dat Afrikaans nie net behoort te oorleef ter wille van wetenskapsbeoefening in die taal nie, maar veral sodat toekomstige geslagte steeds die poësie van Van Wyk Louw sal kan lees.

In die lig van bogenoemde sou daar beweer kan word dat Afrikaans wat betref getalsterkte, ekonomiese waarde en kulturele gehalte steeds hoë aansien in Suid-Afrika geniet as een van die mees dinamiese tale in die land.

Taalstatus is egter net een van die vereistes wat Steyn stel vir die voortbestaan van 'n taal. Die ander twee ewe belangrike vereistes is houding en taalgetrouheid. In hierdie twee opsigte mag daar wel groot rede tot kommer bestaan, veral wat betref die jonger geslag Afrikaanssprekendes. Die impak van

“negatiewe miteskepping” kan nie in hierdie geval ontken word nie. Soos reeds genoem, is Afrikaners in die afgelope jare herhaaldelik gekonfronteer met hulle eie “sondes” en dié van die vorige geslag, in so ’n mate dat die “boetmans” verwoed teen die “broeders” begin uitvaar het. Niemand wil individuele skuld aanvaar nie, en tog word ’n kollektiewe skuld deur baie Afrikaners bely. Dit is daarom nie verbasend dat baie (veral) jonger Afrikaanssprekendes dikwels verkies om nie té Afrikaans of té taaljoernal voor te kom nie om sodoende alle aandagheid aan die verlede van die Afrikaner (die Afrikanermities) te ontken.

’n Verdere faktor is die voorkoms van kodevermenging (in die geval van Standaardafrikaanssprekers) tussen Afrikaans en Engels wat in die geval van die jonger generasie (die sg. Zuid-generasie) so intens is dat bykans die helfte van die geskrewe Afrikaanse teks van iemand uit hierdie groep (doelbewus) Engels is. Die voorkoms van kodevermenging as identiteitsmerker by jonger taalsprekers is nie vreemd aan baie kultuurgroepe nie. Dit kan daarom nie vanselfsprekend gesien word as ’n gebrek aan taalgetrouheid teenoor die eie taal nie. In die geval van Afrikaanssprekendes, wat reeds vir so lank moes weerstand bied teen die moontlikheid van verengelsing, hou hierdie taalvermenging egter wel pertinente “gevaare” in.

Gustav Preller se aanhaling in die aanhef tot hoofstuk 4, naamlik dat die prys van die “duurgekogte regte en vryhede” binne een menseleeftyd weer vergeet word, is uiters belangrik binne hierdie diskoers rondom miteskepping. Uit die voorafgaande bespreking moet dit duidelik wees dat Afrikaans nie sy “regte en vryhede” maklik of goedkoop verkry het nie.

Prof. Elize Botha het by die genoemde prysuitdelingsfunksie van die Departement Afrikaans van U.P. na die rol van prof. A.P. Grové, wat in dieselfde week waarin die funksie plaasgevind het, begrawe is, verwys as dié van kurator van die Afrikaanse letterkunde. Net so is alle Afrikaanssprekendes myns insiens tans kuratore van die Afrikaanse taal in al sy fasette: die ryke verskeidenheid

variëteite van Afrikaans wat ook in verskeie tekste neerslag vind, die Afrikaanse vaktaal en leksikografie, die letterkunde, taalkunde en historiografie van Afrikaans, en vele meer. Die mite van die “wonder van Afrikaans” is steeds ’n lewende mite, en Afrikaans is die lewende bewys van die lewenskragtigheid van hierdie mite. Die aanbeveling is dus, om die woorde van Titus hierbo te parafraseer, dat Afrikaans daagliks in al sy fasette ontgin en “bedryf” moet word. ’n Gebruikstaal sterf immers nie sommer uit nie.

Hiermee word die groot waarde van kundige beswaar teen die ongrondwetlike verskraling van Afrikaans se hoë funksies geensins ontken nie. Daar is talle voorbeelde van sodanige besware deur bekende Afrikaanse taalsosioloë, taalhistorici en taalpolitici soos Giliomee, Steyn en ander (soos Dan Roodt) in wisselende grade van taalaktiwisme (waarby die impak van miteskepping dikwels onteenseglik waarneembaar is).

Dit sou naïef wees om te beweer dat dit maar net nodig is om Afrikaans te *praat* om die taal se toekoms te verseker. Dit is gewoon nie waar dat die verlies aan status van Afrikaans op vele terreine, soos in hoofstuk 1 gemeld, geen werklike negatiewe impak het nie. Wat egter wel hier beweer word, is dat die “gewone” Afrikaansspreker grootliks kan bydra tot die beveiliging van Afrikaans se voortgesette rol in die samelewing deur die taal sonder skroom in alle lewensituasies te gebruik en te koester. Een saak staan vas: as die Afrikaanssprekendes nie self die regte van Afrikaans op ’n nugter dog besliste manier beding nie, sal niemand anders dit vir hulle doen nie. Daarom dan: liesit, praattit, skryffit, ontginnit en bedryffit.

### **7.6.3 Wees ’n miteskepper rondom die rol van Afrikaans in Suid-Afrika**

Nog voor die eerste demokratiese verkiesing van 1994, in Junie 1993, word daar in ’n Engelse koerant, *The Natal Mercury*, die volgende uitspraak deur Leon Marshall gemaak:

However much apartheid [...] might be resented, Afrikaans (has) gained a place in the history and in the affairs of the country which might warrant special consideration...

In die lig van die bespreking rondom Afrikaans en die Afrikaner in hoofstuk 4 van die proefskrif moet daar volkome met hierdie uitspraak saamgestem word. Afrikaans se ontstaan op Afrikabodem (hoewel natuurlik met onbetwisbare wortels in én mikpunte na die Lae Lande) en sy ontwikkeling tot volwaardige kultuur- en wetenskapstaal wat met Engels as hoëfunksietaal op alle gebiede kan meeding, het inderdaad aan dié taal 'n besondere plek in Suid-Afrika besorg.

Die feit dat Engels 'n internasionale kommunikasie- en publikasietaal is, verleen uiteraard groter status aan Engels as aan Afrikaans. Baie Afrikaanssprekendes verkies om in Engels te skryf. So byvoorbeeld is, in 'n sekere sin ironies, Hermann Giliomee se biografie oor die Afrikaners in Engels geskryf. Die rede is uiteraard die feit dat die werk gerig is op 'n baie groter mark as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners.

Hierdie selfde feite veroorsaak egter juis myns insiens dat Engels nooit werklik die belangrikste merker van Suid-Afrikaanse kulturele identiteit kan word nie. Engels is wel die wêreldtaal, die taal van wyer kommunikasie en “groot geleerdheid.” Dit is alles deel van die miteskepping rondom Engels, en veral by sogenaamde “agtergeblewenes” in die land, wat opwaartse sosiale mobiliteit deur Engels kan verwerf.

Afrikaans, daarenteen, is uniek aan Suid-Afrika – soos Zulu, Xhosa, Venda, Tswana, die twee Sotho-tale, Tsonga, Swazi en die twee Ndebele-tale. Afrikaans soos ons dit ken met al sy variëteite - dié van die Kaapse vlakke en trouens die hele “Kolonie” (soos my ma, wat in Steynsburg gebore is, altyd na haar geboorteprovincie verwys het), van Gauteng, die Vrystaat, die Richtersveld,

Namakwaland, Namibië, van Adam Kok se nageslag – het sy beslag in Suid-Afrika gekry, en verdien daarom sy besondere plek hier te lande.

Terselfdertyd is Afrikaans terminologies voldoende ontwikkel om mense maan – of Mars – toe te stuur. Min ander tale wat sy aan sy met Engels moes meeding, het nog ooit reggekry wat Afrikaans reggekry het<sup>4</sup>. Afrikaans is daarom een van die mees markante nasionale tale van Suid-Afrika en myns insiens 'n baie groter aanspraakmaker op die rol van merker van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit as Engels, die “gesiglose” wêreldtaal.

Die aanbeveling is dus dat hierdie belangrike feite steeds aan ander Suid-Afrikaners en die eie nageslag oorgedra moet word: dat positiewe miteskepping rondom Afrikaans die taal se belangrike rol in die “vryheidstryd” van die Afrikaner sal uitwys, maar ook die waarde van Afrikaans as “bevryde” taal en ekonomiese bate vir baie Suid-Afrikaners, van wie 'n groot groep deel uitmaak van die nieprimêre spraakgemeenskap van Afrikaans.

Die diaspora van Afrikaanssprekendes na ander wêrelddele is bekend. Daar is egter ook 'n toenemende betrokkenheid by ontwikkelingsprojekte in Afrika (waar Afrikaners spesifiek in aanvraag is op grond van hulle kundighede en bewese vermoë tot organisasie en integrasie – volgens mondelinge mededeling van my man, Chris Jordaan, wat al self in meer as een Afrikaland by sulke ontwikkelingsprojekte betrokke was). Die Afrikaners is dikwels in die rol van konsultant of entrepreneur hier betrokke en die moontlikheid dat Afrikaans as taal ook mettertyd in kommunikasie met inheemses in die betrokke Afrikaland 'n bepaalde rol sal speel, is nie uitgesluit nie.

Kortom: nuwe miteskepping (wat nie die ou mites rondom Afrikaans sonder meer kan vervang nie, maar daarby toegevoeg word) is myns in die laaste dekade

---

<sup>4</sup>Weer eens 'n verpersoonifisering van Afrikaans – vergelyk voetnoot 2 op bladsy 323. Uiteraard is dit die sprekers van die taal wat dit “reggekry” het.

geleidelik besig om in die kollektiewe onderbewuste van Afrikaanssprekendes te vorm. Hierdie nuwe miteskepping sluit in:

- Afrikaans is 'n taal van Afrika;
- Afrikaans is “gedemokratiseer” (om die term te gebruik wat, sover my kennis strek, die eerste keer deur Christo van Rensburg op hierdie manier gebruik is (vergelyk Webb 1992:183-197)). Dit beteken dat Afrikaans lankal nie meer gesien word as 'n eksklusiewe wit-Afrikaner-“besitting” nie, maar as die inklusiewe taal van al sy sprekers, van watter Afrikaansvariëteit ook al (wat ook die “swart” Afrikaans – tsotsitaal en flaaitaal - van die townships insluit);
- Van die Psalms en ander Bybelgedeeltes kan nie mooier “gesê” word as in Griekwa-Afrikaans nie (erkenning ook hier aan Hans du Plessis);
- Die Afrikaners – ten spyte van die “versteuring van hulle veilige patrone” – het weer eens hulle besondere vermoë tot aanpasbaarheid getoon en het bewys dat hulle steeds 'n toonaangewende rol in Suid-Afrika te speel het. Hiermee saam word die voortbestaan van hulle taal vir die meeste nog as vanselfsprekende gegewe gereken;
- “Kleur” is geen basis vir skeiding nie en daar is werklik geen verskil in die lewensiening en lewenswaardes – en daarom in die mites waarmee hulle leef – tussen wit en bruin moedertaalsprekers van Afrikaans nie.

Ons staan nou aan die begin van die tweede dekade van die “nuwe, demokratiese Suid-Afrika.” Daar word darem nie weer met die oog op die komende verkiesing op 14 April 2004 stapels blikkieskos en ander voorrade aangekoop vir geval die land skielik ophou bestaan nie. Andersyds weer is die buitengewone euforie van 1994 ook nie meer met ons nie. Die meeste mense

begin beseft dat die mite van “skouer aan die wiel sit” maar die blywendste een is om ’n land te laat “werk.”

En wat Afrikaans betref: diegene van ons wat steeds die mite van Afrikaans as onvervreembare en singewende mite in die “diepst van ons gedachten” en die “binnenst van ons ziel” glo, is dit roerend eens met die reeds aangehaalde woorde van die Hennie Aucamp-figuur: “My bestaan, my identiteit, my kern, my alles lê opgesluit in Afrikaans. ’n Bestaan in ’n ander taal sal vir my tweedehands wees.”